basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE	

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2012
GRAAD 5 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
TOETS

PUNTE: 30

TYD: 1½ uur

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL_____

NASIONALE OBIS-NOMMER (9 syfers)

KLAS (bv. 5A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN		DOGTER	

GEBOORTEDATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D

* 5 A F A L *

Hierdie toets bestaan uit 8 bladsye, die voorblad uitgesluit.

Instruksies aan leerders

1. Lees alle instruksies noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word.
3. Die toets duur 90 minute.
4. Die onderwyser sal jou deur die praktiese voorbeelde lei voordat jy met die toets begin.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Praktiese voorbeelde

1. **Omkring die letter wat die korrekte antwoord.**

Ons is in Graad …

A drie.
B vier.
C vyf.
D ses.

Jy het die vraag korrek beantwoord as jy C omkring het.

2. **Gee TWEE redes waarom jy dink dat jy hierdie skooljaar gaan geniet.**

_____

Jy moet min of meer so iets skryf:

Ek sal die jaar geniet omdat my Afrikaanse onderwyser baie vriendelik is. Ek sal dit ook geniet, want my ou vriend is terug by die skool.

3. **Onderstreep die korrekte antwoord uit die keuse tussen hakies.**

Bafana Bafana is die sokkerspan van (Nigerië/Suid-Afrika/Australië).

Antwoord: Suid-Afrika

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die volgende storie en beantwoord die vrae wat volg.

Eendag het ŉ wolf, Zizama, ŉ hond Tika, ontmoet. Zizama was maer en honger en Tika was groot en vetgevoer. Zizama het gesê: "Jy lyk baie gesond. Ek dink nie ek het al ooit iemand gesien wat mooier as jy lyk nie. Wat doen jy om so goed te lyk? Dit lyk asof jy beter lewe as ek, en tog doen jy baie minder as ek. Ek beweeg altyd rond op soek na kos, terwyl dit lyk asof jy die lewe geniet sonder om baie werk te doen."

"Jy kon net so goed soos ek lewe," sê Tika, "net as jy my werk vir my sal doen."
"Watter werk doen jy?" het Zizama gevra.
"My werk is om die huis in die nag te beskerm en die diewe weg te hou," het Tika gesê.
"Ek is bereid om dit te doen," het Zizama gesê, "Ek woon in die bosse. Dit is moeilik vir my wanneer die weer koud en reënerig is. Wat sal ek nie alles wil gee om ŉ dak oor my kop te en baie goeie kos te hê nie!"

"Volg my," het Tika gesê. Terwyl hulle geloop het, het die wolf ŉ merk om die hond se nek gesien en gevra wat dit was. "Dit is niks nie," het Tika gesê.
"Ja, maar sê vir my," Zizama het aangehou.
Tika het gesê, "Wel, ek word in die dag vasgemaak sodat ek nie die mense kan byt nie. Dit is net in die nag dat ek losgemaak word. Dit het die voordeel dat ek gedurende die dag kan slaap en ŉ beter waghond gedurende die nag is. As dit donker word, word ek vrygelaat, en ek kan gaan waarheen ek wil. My meester bring vir my bene en die kinders maak my skoon. Ek eet baie goed en ek is gelukkig. Wat dink jy?"

"Ek is jammer, maar jy kan alles hou wat jy het. Ek wil vryheid hê, en wil nie die lewe wat jy lei, hê nie," het Zizama gesê terwyl hy omdraai.

[Verwerk uit *Once Upon a Time*]

1. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Wat sou die beste titel vir die storie wees?

A Die Lewe van die Wolf en die Hond.

B Die Kinders en die Hond.

C Die Meester en die Hond.

D Die Diewe en die Hond. (1)

2. Watter probleme het Zizama, die wolf, ervaar om in die bos te bly?

_____ (1)

3. 3.1 **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Hoe sou jy Tika, die hond, beskryf?

A Hy was maer en vuil.

B Hy was groot en vuil.

C Hy was groot en skoon.

D Hy was maer en skoon. (1)

3.2 Wat het Tika, die hond, vir Zizama, die wolf, probeer wegsteek?

_____ (2)

4. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Hoekom het Zizama, die wolf, rondbeweeg op soek na kos? Hy het dit gedoen omdat ...

A dit pret was om rond te beweeg.

B niemand vir hom kos gegee het nie.

C Tika, die hond, vir hom gesê het om dit te doen.

D hy nie ŉ merk aan sy nek wou hê nie. (1)

5. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Wat kan ons uit die storie leer? Ons kan leer dat …

A dit beter is om goed te lewe.
B dit beter is om goed te eet.
C veiligheid belangriker is.
D vryheid belangriker is. (1)

6. **Dink jy Tika, die hond, het van ’n makliker lewe gehou? Gee ’n rede vir jou antwoord.**

Skryf in 'n volsin.

_____ (2)

_____

7. **Twee woorde is verkeerd gespel in die sin hieronder.**

Vind die woorde en skryf hulle korrek oor.

“Ouma, ek is so dankbaar dat jy geld gespaar het. Ek het dit onmidelik nodig. Ek is nou so gelukig. ”

7.1 _____ (1)

7.2 _____ (1)

8. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

8.1 Tika, die hond, was goed gevoer en hy het ... as die wolf geword.

A die sterkste
B meer sterk
C sterker
D sterk (1)

8.2 Tika, die hond, het ... as Zizama, die wolf, gelyk.

A gesonder

B gesond

C meer gesond

D meer gesonder (1)

9. **Verbind die twee sinne deur gebruik te maak van die voegwoord "maar".**

Pieter swem goed. Pieter het nie aan enige kompetisies deelgeneem nie.

_____

_____ (2)

10. **Vul die ontbrekende voorsetsel in die volgende sin in.**

Johan was hartseer omdat hy nie _____die praktiese oefening kon deelneem nie. (1)

11. **Verander die werkwoord(e) tussen hakies na die teenwoordige tyd.**

11.1 Vusi (gespeel) elke dag krieket.

_____ (1)

11.2 Sandile en Marie sal vanjaar lede van die netbalspan (gewees).

_____ (1)

12. **Lees die volgende TV-skedule en beantwoord dan Vraag 12 tot 14.**

Kanaal SAUK 1	**Kanaal SAUK 2**	**Kanaal SAUK 3**	**Kanaal MAGIC WORLD**
17:00 Captain Planet (Kinders)	17:00 Dragon Ball (Kinders)	17:30 Oprah Winfrey	06:00 Channel O
17:28 Listen For a Moment	17:30 Nuus	18:30 Isidingo	12:00 Infomercials (Advertensies)
17:30 Nuus-hooftrekke	18:00 Takalani Sesame (Kinders)	19:00 Nuus om 7	13:00 Koowee (Kinders)
18:00 The Bold and the Beautiful	18:30 7de Laan	19:30 Die Kaap	18:00 Channel O
18:30 Selimathunzi	19:00 Nuus	20:29 Nuus binne 60 Sekondes	19:00 Studio Musiek
19:00 Hoofnuus	19:30 Pasella	20:30 Prison Break	20:00 A Brother with Perfect Timing
	20:30 Sportnuus		

12.1 Hoe laat sal jy na *Takalani Sesame* kyk?

_____ (1)

12.2 Watter program gee ons die nuus binne een minuut?

_____ (1)

12.3 Jy moet ŉ opsomming van nuus by jou skool se saalbyeenkoms aanbied.
Watter program sal jou die nodige inligting gee?

_____ (1)

13. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

Watter drie programme kom na *Infomercials (Advertensies)* in die korrekte volgorde (een na die ander) op die kanaal Magic World?

A *Channel O*, *Studio Musiek*, *Koowee*
B *Channel O*, *Koowee*, *Studio Musiek*
C *Koowee*, *Channel O*, *Studio Musiek*
D *Channel O*, *Studio Musiek*, *Koowee* (1)

14. **Omkring die letter voor die korrekte antwoord.**

14.1 Kies ŉ program wat van die ander verskil.

A *Nuushooftrekke*
B *Studio Musiek*
C *Hoofnuus*
D *Nuus om 7* (1)

14.2 Kies die program wat nie ŉ kinderprogram is nie.

A *Koowee*
B *Isidingo*
C *Dragon Ball*
D *Captain Planet* (1)

15. **Skryf ’n paragraaf van minstens SES sinne en beskryf wat met jou op die eerste skooldag vanjaar gebeur het.**

Jou paragraaf/beskrywing moet vertel waarvan jy op hierdie dag gehou het en waarvan jy nie gehou het nie. Onthou om volsinne te skryf en gebruik korrekte spelling, taal en leestekens.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (6)

TOTAAL: 30